PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVIII DONDERDAG 23 AUGUSTUS 1973 Nr. 10

CACHET
APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE
STUDENTE-APTEEK

# INTERVARSITY 73

## KAFFER EN DAWID VERWELKOM KOVSIES

**KOOS KAFFER**

**U, Ovsies word baie hartlik gelukgewens met u goeie smaak om weereens intervarsity te kom hou.**

**Pukke, jammer dat julle nie met iets gelukgewens kon word nie!**

Die wens uit die Wes-Transvaal is, dat die lentelug hier, nie die Uovsiestog se sportmangees sal laat toeslaan nie. Verder hoop ons dat u tweede intervarsity vanjaar, nie ook te vloeibaar sal verloop nie. Dit is glo maar eensaam om te voel asof mens teen mens self meeding.

Die dinamiek uit die Noorde voer nou mens se gedagtes in stilswye na twee stilteleiers: Hoe vorder jou woordeskat Jan? (Daar loop 'n gerug, volgens ou Solly, dat die Sondagkoerante, die vermoede, van swak taalgebruik op 'n sekere kampus, wil bevestig).

Mag die genieting van die oorwinning groot wees. Gewoonlik wen die beste span.

Leeuwense aan welkom kakatte

**DAWID WEYERS.**

INTERVARSITY – Wat 'n groot woord in die lewe van 'n student en veral 'n Pukstudent. Die geleentheid doen hom net eenmaal 'n jaar voor en dit net so voor die akademie sy laaste stuiptrekke kry. Dis 'n week van gees vang (ek praat nou van die Pukke, die Kovsies weet nog nie wat dit is nie) en sommer net groot gaan en lekker kry. Dis gees vang, wat alleen Pukke kan doen!!

Vir al die Kovsies katte, baie welkom die naweek, julle sal nie tuis voel nie, maar groot want dan is julle op die Puk en om hier te wees is al klaar te veel vir julle.

Die twee rasieleiers (of so iets) baie sterkte want dis seker moeilik vir 'n massa om saam met julle gees te vang en vir julle om hulle gebler aan te hoor.

Mag Intervarsity '73, een van die grootstes ooit wees en mag die beste universiteit wen!




Foto: Fotokuns.

Koos Kaffer en Dawid dink aan Intervasity segoed

## KOM ONS DINK POSITIEF

**WANNEER 'n mens in aanraking kom met diegene wat hul sport onder moeilike omstandighede be-oefen, laat dit jou nadink of jy al die gunstige omstandighede genoeg waardeer en benut.**

Dit laat my as sportman soms skaam voel omdat ek onder baie gunstiger omstandighede nie tot beter instaat is nie. PUKKE – en veral Pukrugbyspelers – hoe reageer jy as jy 'n liedjie hoor wat jou laat dink aan intervarsity?




Foto: Fotokuns

Jimmy van Rensburg, ervare kaptein van die Theo's

Jy word hoendervleis, jou hare rys, jy kners op jou tande en die gedagte ,,dit sal nie weer gebeur nie'', flits deur jou gedagtes. Dit is mooi maar wat doen ons as spelers daaromtrent? Antwoord die volgende vir jouself en maak vinnig werk daarvan indien jy dink jy kan beter. Daar is nog net 'n paar dae oor – maak gebruik daarvan.

1. Is jy fiks? – Indien nie, wie se verantwoordelikheid is dit om jou fiks te maak vir intervarsity, joune of jou afrigter s'n?
2. Is jy betyds – d.w.s. ongeveer 10 min. voor die vasgestelde oefentyd – by die oefenveld?
3. Indien jy betyds is, begin jy jouself opwarm of wag jy vir jou spanmaats en afrigter?
4. Offer jy (en jou meisie) op deur elke wedstryd selfs die wat onder moeilike omstandighede gespeel word, te probeer speel?
5. Indien jy 'n besering opdoen, doen jy jou bes om so gou moontlik weer fiks te wees of is jy maar tevrede met jou lot?
6. Daag jy betyds voor 'n wedstryd op of moet jou spanmaats hul bekommer of jy tog betyds sal wees?
7. Het jy jou al self voor 'n wedstryd oortuig dat jou span gaan wen? As jy jouself nie kan oortuig nie, hoe kan jy ander probeer oortuig?
8. As ons span verloor, hou ek op met speel, ondersteun of gee ek nog meer om ons span bo te laat uitkom?
9. Hoe is my gesindheid teenoor my spanmaats, afrigter en ons getroue ondersteuners?
10. Speel ek my hart uit sodat my span kan wen?

Kom ons dink positief aan intervarsity. Maar dit sal niks help as ons nie onmiddellik harder begin werk met die oog op intervarsity nie. Ons moet voorberei – hetsy hard oefen of reelings tref om ons opponente goed te ontvang. Laat ons die (K)OVSIES hoflik ontvang soos dit sportmanne betaam en so teen hulle meeding dat hulle na mededinging nog vir ons respek sal he – dan is ons sportmanne.

JIM VAN RENSBURG

## WAT GAAN SATERDAG GEBEUR

**Die Puk gaan vanjaar Intervarsity tegemoet met 'n nederlaag wat lg. verlede jaar gely het. Vir die Pukke was dit 'n bitter pil om te sluk, veral gesien vanuit die drie puik oorwinnings wat die Puk die voor afgaande drie jaar behaal het. Gedagte hieraan is die vraag wat jy hierdie dae keer op keer op die Puk-kampus gevra word, nl. of die Puk instaat is om vir verlede jaar se nederlaag te vergoed.**

Om op hierdie vraag te antwoord, wil ek my bepaal by die aspekte wat deurslaggewend is. Eerstens moet daar gekyk word na die Puk se vertonings die afgelope seisoen. Die tweede aspek wat aandag verdien is, hoe vergelyk die huidige Puk-span met die span van verlede jaar. Derdens moet 'n paar ander faktore wat 'n belangrike rol speel, onder oe geneem word.

Die Puk-span het die afgelope seisoen heelwat teleurgestel. Die Pukke het nie aan die verwagtings voldoen nie. By tye het die Puk egter uitstekende spel gelewer. Die Puk het begin met 'n nederlaag teen Potchefstroomdorp. Die drie daaropvolgende wedstryde het die Puk baie goeie rugby gespeel. Hier dink ek veral aan die wedstryd teen Rustenburg. Met net 14 man op die veld is die sterk span van Rustenburg skoon van hulle voete afgespeel. Daarna was dit die kam-

Vervolg op bls. 3

Die Bult Apteek
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.
★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE . . . . . .
. . . . . ONS KEN U BEHOEFTES
Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far ) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far )ff L.A.V. (Besturend).

# HOOGTEPUNTE UIT DIE VERLEDE



Foto bo: In 1958 kon die Pukke die Kovsie-rasieleier vir die laaste keer skaak. Dit raak dus nou hoog tyd dat dit weer gedoen word – of is ons Pukke dan slegter as die Kovsies. Stel u 'n Juigende Puk-massa voor as 'n bedremmelde, langhaar Jan van Wyk Saterdag op die park uit 'n sak geskud kan word. Op meegaande foto is die geskaakte Kovsie-rasieleier van 1958, Tampan Booyens (middel), saam met die Pukke wat hom per vliegtuig gaan haal het; van links na regs: J.B. du Plessis, Ammi Venter, Hans Kleynhans en Willie van Aardt.



Foto - Fotokuns

Na die afloop van die 1971 - Intervarsity op Olenpark waartydens die Pukke met 12-9 gewen het, word Jim van Rensburg en Jannie Barnard skouerhoog van die veld gedra.

## INTERVARSITY 1945

**Hoewel Intervarsities tussen die Pukke en Kovsies in 1927 en 1938 gehou is - lg. 'n oorwinning vir die Puk - is dit eers sedert 1943 ' n gereelde instelling. Puk se eerste oorwinning na daardie datum was in 1945. Die Volksblad het op 10 September 1945 as volg daaroor berig-**

POTCHEFSTROOM, 8 Sept. Die mans van U.K.O.V.S. is vandag in die Intervarsity teen P.U.K. lelik deur die vroue in die skadu gestel, want nie een van hul spanne kon wen nie, terwyl albei vroue-spanne oorwinnings behaal het.

Die wedstryd tussen die eerste rugbyspanne was taai, vinnig en aanskoulik, maar 'n skepdoel in die laaste paar minute van die wedstryd het P.U.K. die oorwinning besorg, nadat U.K.O.V S. vir die grootste gedeelte van die wedstryd met 'n strafdoel, deur Henning behaal, voorgeloop het.

In die losspel het die spanne mekaar goed opgedreun en Henning, Bellingan en Greyling aan die een kant en Van Wyk aan P.U.K. se kant, het vir goeie spel gesorg. Van Wyk is bepaald 'n knap speler, P.U.K., het Van Niekerk, hul senter, vroeg in die wedstryd verloor en met net sewe voorspelers het hulle nog die beste van sake in die vaste skrums gehad. Sewe minute voor die einde het Postma egter die voortou aan P.U.K. met 'n skepdoel besorg en hoewel 'n breekslag van Basson byna die oorwinning aan U.K.O.V.S. besorg het, het die verdediging gehou.

Die uitslag van die ander rugbywedstryde is- Onder 19 P.U.K. 5, U.K.O.V.S. 3 Tweede span- P.U.K. 6, U.K.O.V.S. 3.

HOKKIE- mans, P.U.K. 1, U.K.O.V.S. 0; Vroue, U.K.O.V.S. 8, P.U.K. 0.

JUKSKEI- (mans)- P.U.K. 2 skofte, U.K.O.V.S. 0.




Foto- Fotokuns

**'N Koerant het onlangs beweer dat die Kapenaars slimmer as die Transvalers is. Met die drie op bostaande foto het Bernard Bernardo in 1971 bewys dat die Transvalers darem nog slimmer is as die Vrystaters.**


**Potchefstroom se Afrikaanse Padkafee**

•

U KEN ONS

**BAILLIEPARK PADKAFEE**

By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.

•

DUS:

WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?

KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK

Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.


## MANS OMHELS MEKAAR EN JUIG

Op die Potchefstroomse Olenpark, waar die 21ste intervarsity tussen die universiteite van Potchefstroom en die Vrystaat Saterdag plaasgevind het, was die telling: Pukke 11, Kovsies 0.

Die Pukke het uit hul velle geklim van blydskap, want vir die eerste keer in vyfjaar het P.U.K. die Intervarsity gewen

Die P.U.-studentekoerant, die Wapad, het drie uur na die wedstryd 'n spesiale uitgawe en 'n banieropskrif het dit dik en swart aangekondig:U.O.V.S se harde neut gekraak P.U. wen Intervarsity.

Die U.V.-studente het hul pak slae egter in goeie gees gedra. Net na die eerstespanbotsing het al die Pukke en Kovsies op die voetbalveld bymekaar gekom en diegene wat nie heeltemaal hees was nie, het Gaudiamus Igitur gesing. Die twee groepe studente het na die Intervarsity saam braaivleis gehou op die P.U.K.-terein.

Net minder belangrik as die eerstespanbotsing was die botsing tussen die twee universiteite se ondersteuners op die paviljoen. Toe die rustyd-fluitjie in die tweedespanwedstryd blaas, het die Kovsies die P.U.K.-dirigent wat vroeer die week geskaak is, in 'n sak die veld opgedra en daar uitgeskud.

En die Kovsies se gelukbringer, 'n swart kat wat verlede jaar met Intervarsity verdwyn het, is voor die wedstryd op 'n draagbaar na die Kovsies se kant van die paviljoen gebring.

Die twee dirigente het mekaar so sleg moontlik gese, soos die tradisie nou maar eenmaal is.

Hans van Zyl, die P.U.K.-dirigent, aan Kovsies-rasieleier Ewie Cronje: ,,Ou Ewie jy laat mens baie dink aan 'n babatjie – aan die eenkant 'n suigpomp en aan die anderkant geen verantwoordelikheid nie''.

Ewie aan Hans: ,,Jy lyk soos 'n hotnotsgod wat op 'n afdraande staan en wasgoed was''.

Alles in 'n goeie gees! En Saterdag het dit weer duidelik geblyk dat die intervarsity tussen Puk en Kovsies taai mag wees, maar nog tradisioneel en skoon is. Geen ongelukkige voorvalle is bekend nie en hoe graag die een kant ook al wou gehad het dat oor die ander kant geseevier moes word, is daar beskaafd hande geklap as die teenstaanders op die veld 'n mooi stukkie werk gedoen het.

'n Aangename fees-intervarsity.

Oorgeneem uit die Volksblad, Maandag 28 Augustus 1961.

# KAN DIE GESKIEDENIS HOMSELF HERHAAL

Die Volksblad 25 Augustus 1950

## TUISSPAN BEHOORT P.U.K. TE KLOP

Die Volksblad 25 Augustus 1950

## P.U.K. VERSLAAN U.V. 11-5 IN RUGBY

**Baie mense – en ongelukkig loop sommige van hulle, met lang gesigte, op ons eie kampus rond – gee die Puk geen kans om met Kovsies af te reken nie. ,,'n Mens moet feite in die oe kyk'' en ,,Germishuys is op sy beste vanjaar'' is Treurmares wat ons daagliks moet aanhoor. Ter wille van hierdie Jobstroosters wil ons die gedagtes bietjie laat terugdwaal na 1950.**

In die Volksblad van 25 Augustus 1950 kom 'n beriggewer tot die gevolgtrekking dat alles in ag genome die Kovsies die gunstelinge is. Hulle beskik oor twee gevaarlike vleuels in die Junior Springbok Francois Roux, en die Vrystaatspeler, Basson wat albei besonder goed op die aanval is. Daarteenoor word die Pukke deur beserings gery en moet hulle sonder vier gereelde eerste span agterspelers, waaronder hul twee vleuels, klaarkom.

Drie dae later moet dieselfde publukasie berig dat die Pukke die Intervarsity met 11-5 gewen het. Die nederlaag word toegeskryf aan die feit dat hul twee gevaarlike vleuels hopeloos te min van die bal gesien het. Hoewel hul 'n bedreiging was elke keer as hulle die bal ontvang het, het die Pukke se verbete verdediging telkens verhoed dat punte aangeteken word.

Is die situasie nie vanjaar in baie opsigte geset vir 'n soortgelyke uiteinde nie? Kovsies kom na Potchefstroom met 'n veelgeroemde agterlyn vol Gaselle. Puk beskik egter oor die voorspelers om die balle van hulle af weg te hou. Ons agterspelers moet egter in gedagte hou dat daar op twee gebiede nie foute gemaak moet word nie. Die eerste is met hanteerwerk. Foute sal beslis deur Kovsies se gevaarlike losvoorspelers uitgebuit word. Die ander is verdediging. Dit moet net hou.

Theo, ons weet, met elke Puk agter julle, sal julle ons nie nie teleurstel nie.



foto: Volksblad.

**Foto links: Charles Venter duik oor vir 'n drie nadat hy die Kovsies-verdediging aan flarde gesny het. Sy senter maat Jannie Barnard (11) is by om hom te ondersteun. Joggie Jansen (op grond) is net te laat om te keer. (1970 Intervarsity).**

Die Wapad word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville, Tvl. Posbus 406, Tel. 6184.

**Foto onder: Intervarsity 1966 – 'n Tipiese Intervarsitygesig. Voor verskyn v.l.n.r. Theo Vorster (Puk-dirigent), Wilma le Roux (P.U.S.R.-lid), Ester Louw (Joolkoningin), Dirk Mostert (Kovsies-dirigent) en Estepanne Smith (Sjampanjenooientjie). Agter links verskyn William Scott (Puk-Kaptein) en regs met die wit sweetband Roelf du Plessis.**



foto: Volksblad


**INTERVARSITY**
Vervolg van bls. 1.

pioenspan van Wes-Transvaal-Klerksdorp, wat die knie moes buig. Maar na hierdie pragvertonings het die Puk 'n versinking getoon. Vir die res van die seisoen het die Pukke nooit weer daardie hoogtes bereik nie. Sonder om my gemoed te sus wil ek sekere versagtende omstandighede noem wat kon bygedra het tot die Puk se agteruitgang. Vroeg in die seisoen moes die Puk van afrigter verwissel. Dit kan enige span ontwrig al is die nuwe afrigter ook Johan Claasen. Met al sy verpligtinge wat hy gehad het tydens die toere van verskeie oorseese spanne in S.A., kon Johan Claasen nie die nodige tyd en aandag aan die Puk bestee wat hy graag sou wou nie. Na die Julievakansie was Johan Claasen gereeld beskikbaar en het hy dan ook begin voorberei vir Intervarsity. Laasgenoemde is as hoofdoel gestel en daarom dat die ander wedstryde as voorbereiding gesien kan word.

Hierby is dit ook so dat die Puk vanjaar 'n buitengewone strawwe program gehad het en dan nog verder deur beserings gekortwiek is. Hieroor hoef daar nie veel uitgebrei te word nie. Die gereelde Puk-ondersteuner (hulle is nie te veel nie) is wel deeglik daarvan bewus.

Hoe vergelyk vanjaar se Puk-span met die span van verlede jaar? Wat die Puk se vertonings aanbetref dink ek tog het vanjaar se span nie slegter gevaar as verlede

Vervolg op bls. 6


ALLE MODELLE CITROEN BESKIKBAAR BY:

KOLLEGE DIENSSENTRUM

HOEK VAN VON WIELLIGH EN PRESIDENTSTRATE

TELEFOON 5800 POTCHEFSTROOM

# THE(S



(S 73





Foto:Fotokuns

Foto Bo:
' Augustus 1971. Net voor die groot kragmeting begin het drink Ockie Raubenheimer (Hoofdirigent) en Louisa van der Vyver 'n heildronk op die P.U.K.-eerstes. Die sjampanje nooitjie is Ronel Steyn.



Foto Bo:
Hans van Zyl, 'n voormalige dirigent groet die Pukke op Olenpark 1961.






# So ontuis soos 'n ...

**Om op U.O.V.S. 'n student te wees, is al erg genoeg – laat staan nog om 'n gevangene hier te wees. Ek voel hier so ontuis soos 'n sendeling op 'n nudistekongres – om dit sag te stel. Weens die feit dat hier geen noemenswaardige mense is nie, kan ek verstaan waarom 'n Puk hier soveel belangstelling geniet.**

**INTERVARSITY**
Vervolg van bls. 3

jaar nie. Andersins dink ek ook is vanjaar se span beter as die span van verlede jaar. Hiervoor is daar talle redes.

Vanjaar se span is 'n baie meer ervare span as die van verlede jaar. Verlede jaar het die Puk 'n hele paar spelers gehad wat vir die eerste keer eerste liga rugby gespeel het. Vanjaar is die posisie heelwat beter. Feitlik al die spelers het al vorige jare eerste liga-rugby gespeel. Nege Pukke het ook al vir Wes-Transvaal A-span gespeel, en drie in Wes-Transvaal B.

Die Puk se voorspelers is vanjaar ook stewiger as verlede jaar se span. In al die wedstryde wat die Puk gespeel het was dit duidelik dat die Puk se voorspelers in groot geselskap nie ontuis sal wees nie. As die nodige samespel daar is kan hulle 'n gedugte eenheid vorm. Dit is juis by die samespel waar dit vanjaar soms gelol het, maar met Johan Claasen nou voltyds in beheer behoort die samespel geen kommer te wek nie.

Die buitengewone aantal beserings wat die Puk verlede jaar gehad het, het hom gedwing om spelers met Intervarsity in vreemde posisies te speel. Hier dink ons veral aan manne soos Riaan Lotz wat na agsteman verskuif moes word, Schalk van der Merwe wat na losskakel moes verskuif en Bernarda wat uitgeskuif is na vleuel Vanjaar is dit nie die geval nie. Hoewel die Puk vanjaar ook baie beserings gehad het is feitlik almal weer fiks- Die manne sal vanjaar in hulle gewone posisies speel. Hoewel Schalk van der Merwe en Piet Roodt in ander posisies as verlede jaar speel, het hulle baie ondervinding opgetel in die posisies waarin hulle nou speel. En hoef daar nie oor hulle enige kommer te wees nie.

Omdat spelers vanjaar in hulle gewone posisies speel en ook omdat die beserings vanjaar minder was as wat die geval verlede jaar was kan ons verwag dat die Puk se samespel ook beter sal wees. Samespel was dan ook iets wat verlede jaar gelol het.

Vervolg op bls. 8

Na die rukkie wat ek hier deurgebring het, weet ek nie waarom U.O.V.S. nog Saterdag Intervarsity wil hou nie; julle kan die Pukke tog absoluut geen kompetisie bied nie – nie op die veld nie en ook nie op die paviljoen nie. Dat die Pukke gaan wen, staan soos 'n rugbypaal bo 'n grasveld.

Vir simpel Sewes Kroksjee wil ek net se dat ek van 'n paar dinge nie hou nie: van 'n lee brandewynbottel, 'n muishond en 'n Kovsie-gerasieleier – van 'n amateur hou ek nog minder.

Die arme kerel word gedwing om dinge te doen waaroor hy totentaal onbekwaam is Ook prys ek nie graag 'n man na sy dood nie – in jou geval na Saterdag – daarom sal ek jou nou dieselfde eer laat toekom as 'n donkie: jy het soveel moed dat, as 'n trein jou trap, jy sommer weer uit pure onnoselheid in dieselfde trein sal vasloop.

Ek is baie bly dat ek nie in jou skoene staan nie, Ewie, want om 'n arme klomp versteende oertels, wat bowendien onder die donker wolk van 'n komende neerlaag verkeer, te laat sing, is nie 'n benydenswaardige taak nie.

In elk geval, Kovsies, ek hoop dat julle Saterdag sal oorleef en dat Ewie betyds van sy senuwee-ineenstorting sal herstel om Saterdag aand die intervarsity dinee te kan bywoon.

U.O.V.S., ek sien saam met julle uit na Saterdag; om saam met my die Pukke se gasvryheid en sportmangees terdee te geniet. (Hier by julle is mos nie so-iets nie). Mag Saterdag 26 Augustus 1961, vir albei Universiteite 'n onvergeetlike dag wees.



Foto: Fotokuns.

Foto Bo:
Gedurende die 1971 Intervasity het die Pukke letterlik en figuurlik vir Joggie Jansen ore aangesit.



Foto: Volksblad.

Die vreugde van 'n oorwinning - P.U.K. - Spelers deur jubelende ondersteuners van die veld gedra. Regs is een van die helde van die wedstryd, senter Koos du Plooy. ( 1966 - Intervarsity )

**Foto onder: ,,As elke ou Pukkie sy glasie volmaak, wie dan Kovsie wees?**



**foto: Fotokuns.**



Foto Bo:
Jannie wag vir sy mammie om hom te kom bad – dat hy darem skoon kan wees as hy sy resitasies vir die vreemde omies en tannies op Potch moet gaan opse.




Foto: Volksblad.

Gerhard Botha, P.U.-vleuel druk 'n drie tydens die 1970 Intervarsity.



Foto:Volksblad.

Foto Bo:
Puk-skrumskakel Jan Schutte skop haastig voor die aanstormende Kovsie-vleuel Danie Coetzee in. Die 1966-Intervarsity wat die Puk 8-3 gewen het.

# HUIL DIE PUK(STELE)

**(Ek sal maar stadig skryf — julle kan sekerlik nog nie vinnig lees in hierdie onderontwikkelde tuislandjie nie).**

Soos spastiese krappe kruip julle nog vanaand na jul gate, roggelend in 'n sterwendsnood van ellende en vernedering. En diegene wat bly leef, en nie reeds soos ook die swaweltjies na warmer klimaatstreke vertrek het nie, sal swetend en in lanferrou naarstiglik na 'n lafenis smag (nog steeds) soos hongerdors Egiptenare na 'n roomyskarretjie suid van Jerusalem. En dan sal die PIK(steletjie ) van hierdie tuisland (suid van Uganda) besef dat die enigste merk wat hulle in die lewe kan maak, is die voorletters wat hulle hier op die skoolbanke kerf!

Koos (Integrasie) Kaffer (met 'n F) Kruger — die Koos (een hand in die sy) is van Potjie(s)dorp afgelei, sien? — 's vanjaar (na 3 probeerslae) Hoofdirigent. En die PIKKE hou van hom as hy sy Hoof dirr en skud. Kinders het nou maar eenmaal 'n voorliefde vir ratels! Toemaar, Potjie, ek bedoel eintlik Koos, dit help nie om jou te bekommer nie, alles gaan tog in elk geval verkeerd loop vandag.

Mag elke kant se Alma Mater vanaand op hom trots wees.
Liewe Kovsies van my!
Dan smeer ons hulle maar in die TX-grond in!
Kyk nou hoe klim die hêppiegeit sommer so in my in!

JAN VAN WYK,
(Skoon) Rasieleier. (Skoon) Kovsieland.

**(Jammer Pukke, dat ons die gehalte van hierdie Wapad moes bederf met die „werk" van 'n prulskrywer, maar ons Pukke is mos nou maar eenmaal nie opgevoed om die armes van gees 'n geleentheid in die lewe te ontsê nie. — Red.)**

# Lewende Legende

Soos dit met enige Universiteit gaan, het die Puk ook sy aandeel aan legendariese figure gehad. En soos dit met legendes gaan, word soveel waarhede en onwaarhede om hul persoon geweef, dat die korrels later nie meer van die kaf onderskei kan word nie.

Een van hierdie figure op die Puk was Dick Putter, 'n kêrel, so sterk soos 'n bees, wat in latere jare 'n springbok-voorryman sou word. Hier volg 'n paar van die staaltjies wat oor hom vertel word. Watter die leser wil glo en watter nie, word aan homself oorgelaat.

Die allerbekendste is seker die een oor hoe Dick, manalleen, die Kovsies se Rasieleier tussen hulle gaan uithaal het. Hy het tydens 'n Rasie doodluiters, tussen die Kovsies deur, na die verhoog gestap, as sou hy 'n boodskap na die Kovsienar neem. Hy het die ligte afgeskakel en terwyl pandemonium in die saal geheers het, die Rasieleier vasgevat en onder die verhoog (sommige bronne beweer in 'n dreineer put), vir omtrent ses uur geskuil, voordat hy met sy gevangene onder die arm, na Potch terug begin ryloop het. Naby Potch is Dick se avontuur egter beeindig toe hy deur Kovsies opgelaai is.

Dan is daar die staaltjie oor die donkie wat hy in die koshuis aangehou het. Die eerstejaars was verantwoordelik vir die kosgee en skoonmaakwerk.

Toe die treinrit op 'n P.U.-rugbytoer vir hom te vervelig geraak het, het Dick hom glo self vermaak deur op die dak van die trein rond te klouter.

Sy onverskrokkenheid het selfs daartoe gelei dat dit nie te veel van hom gevra was om op sy hande te staan op die relings van die duiselingwekkend, hoe Stormsrivierbrug in Kaapland nie.




**Foto bo: Dick Putter, oud Springbok-voorry wat op sy dae die Kovsies grys hare besorg het.**

**(Foto: Volksblad)**

BEDANKING

Die Redakteur wil 'n besondere woord van dank rig aan „Die Volksblad", Fotokuns en Hans van Zyl vir die beskikbaarstelling van materiaal waarsonder hierdie uitgawe van die Wapad nie 'n sukses kon wees nie.

**A. VORSTER APTEEK**

(Frans Nel, B.Sc. Far .)

OKTRONGEBOU LOMBARDSTRAAT

***Skakel ons vir vinnige aflewering***

die WAPAD


# Intervarsity

Saterdag word nog 'n Intervarsity tussen die Kovsies en die Pukke beslis — die enigste van die drie tradisionele intervarsities wat nog plaasvind. Die doemprofete wat in die debakel verlede jaar in Kovsieland, ook die einde van hierdie mooi instelling gesien het, het gelukkig verkeerd geblyk te wees — 'n bewys dat die bande wat tussen die twee universiteite gesmee is, ontwikkel het in baie hegte bande, wat stampe en stote kan verduur, ten spyte van wat in emosionele opwellings tydens intervarsity oor mekaar kwytgeraak word.

Die feit kan egter nie weggeredeneer word, dat wat verlede jaar gebeur het 'n uiters onaangename voorval was, wat beide universiteite in 'n swak lig gestel het — ten spyte van geweldige eensydige beriggewing in die nasionale pers. Dit kan ook daartoe lei dat ons inter-varsity vanjaar buitegewoon sterk in die brandpunt gestel sal word. Dit berus dus by elke student aan die twee akademiese inrigtings om vanjaar alles in die stryd te werp om die beeld na buite te herstel.

Dus doen ek 'n beroep op julle, Pukke: Laat ons van ons kant af alles in ons vermoë doen om 'n herhaling van die onsmaaklike gebeure te voorkom. Laat ons vanjaar die voorbeeld stel en intervarsity vier in die ware gees van Puk-wees, ons is mos trots daarop, dan nie? Ek is seker dat daar nie een Puk is wat nie kan geesvang sonder vloeibare „versterking'' nie. Mens moet daarteen waak dat ons nie soos sommige persone, verlede jaar, so ingestel is op 'n neerlaag, dat hul in hul benewelde toestand nie mooi besef het dat dit hulle was, wat intervarsity gewen het.

Kom Pukke, laat dit ons erns wees!




**INTERVARSITY**
Vervolg van bls. 6

Daar is ook ander faktore wat ons nie uit die oog moet verloor nie. Die belangrikste hiervan is dat die Puk 'n nederlaag moet uitwis. 'n Span wat 'n nederlaag moet uitwis is gewoonlik baie beter gemotiveerd as een wat net sy reputasie wil handhaaf. Verlede jaar was dit Kovsies wat 'n nederlaag moes uitwis en vanjaar is dit die Puk.

'n Intervarsity is nou maar eenmaal nie 'n gewone wedstryd nie. Op so 'n geleentheid speel die manne beter as wat hulle andersins sou gespeel het. Die wedstryd teen Rustenburg waarna ek reeds verwys het, het getoon dat as dit moet dan kan die Puk uithaler rugby speel. Intervarsity is ook 'n wedstryd waar dit moet. Ek dink dat die Puk selfs nog beter as daardie dag teen Rustenburg sal speel. As dit die geval is voorspel dit probleme vir Kovsies. Die wedstryd teen Rustenburg en ook die een direk daarna teen Klerksdorp het gewys dat die Pukke oor baie vermoëns beskik en met Intervarsity speel die manne nog bokant daardie vermoëns.

Nog 'n belangrike faktor is die feit dat die Puk op sy tuisveld speel. Die voordele wat 'n tuisveld inhou is aan almal bekend. Kyk maar net na die Puk se vertonings vanjaar op sy tuisveld het dit baie beter gegaan as buite Potchefstroom.

Kyk ons terug na die jare 1969 en 1970 dan sien ons dat die Puk toe geen kans gegun is nie, maar tog het die Puk twee puik oorwinnings behaal. Kovsies is weer vanjaar die gunstelinge net soos daardie jare is die Kovsies op papier die gunstelinge, maar die Intervarsity word nie op papier beslis nie, maar wel op Olienpark. Dit is nogal 'n verskil.

Wat die twee basiese beginsels van rugby betref nl. dissipline en fiksheid skort daar niks met die Puk-span nie. Hiervoor het Johan Claasen gesorg, en terwyl ons van Johan Claasen praat kan ek net 'n gedagte oor hom in u midde lê wat rugby aanbetref is hy die groot meester vandag in Suid-Afrika. Hy is 'n puik afrigter en is 'n man met baie idees. Kyk maar net na die welslae wat hy met die Springbokke behaal het. Oor die afrigting behoort daar seker geen bekommernis te wees nie. Hy sal wel iets tevoorskyn haal wat die Kovsies nie aan gedink het nie. Johan Claasen maak ook geen geheim daarvan dat hy en die

Vervolg in kolom 4

# HOËGEHALTE SPEL VERWAG VAN PUK-TWEEDES EN 0-20

**Die twee voorwedstryde op Olënpark tussen die tweede en 0.20-spanne van die Pukke en die Kovsies behoort dieselfde hoë gehalte spel as die van die eerste spanne op te lewer.**

Die Kovsies se tweedes (die Irawas) is die afgelope aantal jare met eentonige reëlmaat die wenner. Hulle het die voordeel dat hulle gewoond is aan eersteligarugby met wedstryde van tagtig minute in vergelyking met die sestig minute wedstryde van die Puk-tweedes.


Geoordeel aan Louw Venter-hulle se vertonings vanjaar moet hulle 'n besliste kans gegun word om te verras en U.O.V.S. se segetog tot 'n einde te bring. In die "Navy" is daar 'n hele paar spelers wat netsowel vir die eerstespan kon uitgedraf het.

Die gees van die manne is reg en hulle maak die spel oop. Indien hulle nie die verdediging gaan verwaarloos nie is die gedagte aan 'n oorwinning nie vergesog nie.

Leonard Venter se span gaan beslis harde bene kou teen die gedugte U.V.-O/20's wat vol uitblinkers is. Met die S.A.U.-toernooi in Julie het die Kovsies hulle uitgewys as een van die beste op die saamtrek.

Maar ook hier kan die Pukke as leeutemmers na vore tree. 'n Mens het veral moed gekry na hulle uitstekende vertoning van verlede Saterdag teen die W.P. se P/20-span. Tot 'n mate was dit Puk-O/20 teen W.P. want twaalf van die spelers in die Wes-Transvaalse span was Pukke.

As die tekens reg gelees word is dit nie onmoontlik dat die Pukke die Kovsies sommer van vroeg af gaan skud en teen die tyd wanneer die hoofwedstryd begin kan Olënpark al "aan die tuisskare behoort".




KOM ONS MAAK WEER SO.

Foto: Fotokuns.

WAT IS LEKKERDER AS KOSHUISKOS?




GEKOOP

BY KOOP - 'N LOOPHAPPIES.

OLENLAAN 3, TEL 8343.

LANGS HERALD DRUKKERY
DAAGLIKS OOP VANAF 8 vm – 11 nm
VRYDAG EN SATERDAG 8 vm – 12 nm
SONDAG 10 vm – 9 nm

**INTERVARSITY**
Vervolg van kolom 2

Puk-span die Kovsies wil uitlooi nie.

Die Puk het ook vanjaar die voordeel dat hy net een speler op die oomblik in die Wes-Transvaal span het. Ek dink dit is 'n goeie ding as ons dit uit die oogpunt van Intervarsity sien. Die verlede het al bewys dat sulke spanne die spanne wat vol Provinsiale spelers is laat tuimel. Dit was dan ook die geval met Puk. In 1971 het die Puk net een speler in die Wes-Transvaalse span gehad. Verlede jaar was daar verskeie Pukke in die Wes-Transvaalse span. In 1971 het die Puk gewen maar verlede jaar verloor.

Al hierdie faktore in ag geneem moet ek tot die konklusie kom dat die Puk vanjaar 'n baie beter kans het om Intervarsity tewen. Ek dink ook dan dat die Puk weer vanjaar die bordjies gaan verhang.

Maar om te wen moet elke Puk in die Pawiljoen wees of jy nou van rugby hou of nie, jy moet eenvoudig net daar wees. Dit gaan nie alleen om die rugby wat daar te siene is nie maar die Puk se eer is op die spel. Dit is beslis nie te veel gevra van elke Puk om daar te wees nie. Ek het al die stelling genoem dat 'n student wat nie sy span tydens Intervarsity ondersteun nie geklassifiseer kan word onder diegene wat nie sy Volkslied sing nie. Ek wil tog hiermee vereenselwig. 'n Landsburger betoon sy eer en lojaliteit aan sy Land deur sy Volkslied te sing. 'n Puk betoon sy eer en lojaliteit aan

Vervolg op bls. 9

# SPORTKAPTEINS AAN DIE WOORD



**Foto bo: J.A. du Plessis (Karate Doep).**
**Foto: Fotokuns**

KARATE.

**Die Karateklub het in 1972 tot stand gekom onder leiding van mnr. J.A. du Plessis. Dieselfde jaar is daar 'n toer na S.W.A. onderneem om belangstelling in die sportsoort aan te wakker.**

Gedurende die 1972 – Intervarsity het die klub nie so goed gevaar nie, omdat ons nie 'n afrigter van gehalte gehad het nie.

Die jaar 1973 is egter 'n perd van 'n heel ander kleur. Die klub het nou sy eie saal met 'n tweede Dan afrigter, by name sensei Harold Wagner. Die ledetal het gegroei tot 41 aktiewe lede wat elke Dinsdagen Donderdagaand lelik deurloop onder die afrigter. As gevolg hiervan het die manne hulle goed van taak gekwyt gedurende die S.A.U. te Bloemdontein. Hier het ons die vierde plek ingeneem om sodoende ook die Kovsies te trap. Een van die manne, Kobie Taljaard het die Proteaspan gehaal.

Volgens my mening behoort die klub vanjaar met die louere uit die stryd te tree, want die manne is fiks en is goed voorberei. Hulle is gemotiveerd en reg vir die "vyand". Ons sal dus nie weer die jaar die kop hoef te buig nie. Ons sien julle die aand by die geveg Pukke, kom dra die manne met julle stemme!

NETBAL.

Met Intervarsity wat nou vinnig nader kom is die Netbalspanne sommer baie begrywig. Alhoewel die eerste netbalspan ongelukkig sonder hulle Springbok Tobianna Louw moet speel is hulle nogtans vol vertroue om onder haar afrigting die pyp te rook teen die Kovsies. Al die speelsters van die eerste span het al Wes-Transvaal verteenwoordig en is dus 'n gedugte kombinasie. Selfs die tweede span het 'n paar provinsiale speelsters in die span.

Pukke, ons vra julle baie mooi vir julle ondersteuning die Saterdagoggend by die netbalbane. Julle sal 'n groot rol in ons oorwinning speel en ons belowe om slegs ons beste vir julle te lewer.

Triena Roestof.
(Netbal Klubkapteine).




**Foto bo: Triena Roestof**
**Foto: Fotokuns**

PLUIMBAL.

Intervarsity le voor die deur. Die gevoel van benoudheid keer egter nie dat ons harder as ooit oefen nie. Verlede jaar en ook met die S.A.U. toernooi het die Kovsies ons geklop, maar nou is ons op ons tone en ons spel het geweldig verbeter. Die beste spanne moontlik is gekies en ons sien uit na taai maar belowende pluimbalwedstryde. Kom en ondersteun ons Vrydagaand in Pote se nuwe Ginastieksaal.



**Foto bo: Tina Wijnja.**
**Foto: Fotokuns**

TENNIS.

Vrydagmiddag, 24 Augustus, om 2.00 nm. begin die kragmetings tussen die Puk-Leeus en die Kovsie-Kat en heel gepas met die tenniskragmeting. Die wedstryde vind plaas op die nuwe Puk-bane.

Die 1e span is as volg:
Mans: Pikkewyn Malan, Pieter Campher, Elmo Ferreira, Derrick Botha, Steinman de Bruyn, en Johan de Bruin.
Dames: Rihetta van Heerden, Reinette le Roux, Marlene Lombaard, Enid Rencken, Sonja Kruger en Helene Schoch.

Die mansspan is hierdie jaar 'n baie goed gebalanseerde span en met die insluiting van drie W.T.-senior spelers behoort hulle die Kovsies die kous oor die kop te trek.

Pikkewyn Malan is na die afwesigheid van 'n jaar weer in die span en ons glo dat hy nou, nadat hy die W.Tvl.Geslote Kampioenskappe en vir Tony Bowles, No. 1 speler van O.Tvl verlede week gewen het, vir ons 'n waardevolle 2 punte sal inbring.

Pieter Campher en Elmo Ferreira het ook reeds in die W.-Tvl.Geslote Kampioenskappe getoon dat hulle slegs hulle beste sal kan lewer. Pieter het in die eindrondte gespeel terwyl Elmo deurgedring het tot die half-eindrondte. Derrick Botha, Steinman de Bruyn en Johan de Bruin is spelers wat slegs hulle beste gee en as hulle in vorm is, het die span nog 6 punte by. Veral in die dubbelspel word daar staatgemaak op Steinman de Bruyn en Johan de Bruin om te wen, daar hulle vir 'n No. 3 paar baie gedug is.

Die damesspan was nog altyd aan die wenkant en ons glo dat Puk hierdie jaar Kovsies sommer weer 'n groot loesing gaan gee.




**Foto bo: Steinman de Bruin.**
**Foto: Fotokuns**

Rihetta van Heerden, die No. 1 speler van PUK en W.Tvl. is hierdie jaar goed op dreef en ons glo dat sy soos verlede jaar slegs haar beste sal kan lewer as sy op die baan stap. Reinette le Roux en Marlene Lombaard is ook 2 spelers wat al W.Tvl. seniors verteenwoordig het. Enid Rencken, Sonja Kruger en Helene Schoch is spelers wat nog altyd met Intervarsity slegs hulle beste gelewer het en hulle besit die gawe om, indien in vorm, enige speler te wen.

Die damesspan was ongelukkig om op die S.A.U. toernooi, verlede Desember, sonder Sonja Kruger in die span, teen die damesspan van Kovsies te verloor. Ons is egter reg vir die groot wraak.

Pukke, sien julle Vrydagmiddag om 2.00 nm. by die tennisbane.

**SKERMSPAN**

**'n Op en wakker skermspan gaan die Kovsies Vrydag tydens Intervarsity weereens op hulle neus laat kyk. Die voorlopige span bestaan uit:-**

MANS:
Sarel van der Walt, Leon Visser, Ernst Kruger en Charl Erasmus.
DAMES:
Helen Combrink, Marietjie van Tonder en Annetjie Pretorius.

Met die afgelope S.A.U. toernooi te Bloemfontein het die Kovsies se mansspan dan ook die onderspit gedelf teen die Pukke. Die Pukke damesspan het 6–3 verloor teen die Kovsies dames, wat byna die beker gedeel het met die wenspan van Wits. Die Kovsies dames gaan egter baie verlee en skaam teruggaan met die wete dat hulle verloor het, ons praat nie eers van die mans nie.

Tydens die afgelope S.A.U. toernooi het twee Pukke nl. Sarel van der Walt en Leon Visser dan ook goed gepresteer en die Protea-span gehaal. Hulle gaan ook later vanjaar as lede van die S.A.U.-span 'n toer oorsee onderneem.



**Foto bo: Sarel van der Walt.**
**Foto: Fotokuns**

# *Intervarsity Program*

**Vrydag – 25 Augustus 1973**
**1. Etenstye:** Middagete vanaf 12.30nm. Sentrale. Aandete: vanaf 6.00nm. Eetsaal.
2.00nm. Tennis – Mans 1 – F. du Toitbane. Dames 1 – F. du Toitbane. Mans II – F. du Toitbane. Dames II – F. du Toitbane.
4.00nm. Landloop – Fanie du Toitbaan.
7.30nm. Stoei – Totiussaal Pluimbal – P.O.K.-L.O. Saal Karate – Totiussaal Skerm – Muurbalbaanspan. Skynhof – Aardkunde Gebou – Grootsaal.
**Saterdag – 25 Augustus 1973.**
**Etenstye:** Ontbyt: vanaf 6.30vm Sentrale Eetsaal. Middagete: vanaf 12.00vm. – Eetsale. Aandete: 6.30nm. – P.U.-kampus. (Ontbyt slegs U.O.V.S.-studente – 7.30vm. – Sentrale Eetsaal).
**Bus vertrek tye:** Na Olenpark – vanaf 12.30nm. Terug na PU kampus – vanaf 5.30nm. (Alle busse vertrek vanaf die hoofhek by Frans du Toitgebou).
7.45vm. – Aankoms van U.O.V-S.-studente by Sentrale Eetsaal
8.00vm. – Gholf – Potchefstroom Buiteklub.
**Dameshokkie:** 8.30vm. – P.U. II vs U.O.V.S. II – F. du Toit A Klawerhof vs Idahlia – F. du Toit B. Kasteel Suid vs Welwitschia – F. du Toit C. 9.30vm. – P.U. I vs U.O.V.S I – F. du Toit A. Heide vs Hobhouse – F. du Toit C. Karlien vs Steyn – F. du Toit D.
**Manshokkie:** 9.30vm. P.U. II vs U.O.V.S. II – F. du Toit B. 10.30vm. – p.u. I vs U.O.V.S. I – F. du Toit. A.
**Netbal:** 9.00vm. – P.U. III vs Madelief – F. du Toit A. Klawerhof vs van der Merwe – F. du Toit B. Karlien vs Steyn – F. du Toit C. Heide vs Kestell – F. du Toit D. 9.45vm. – P. U. II vs U.O.V.S. II – F. du Toit A. 10.30vm. P.U. I vs U.-O.V.S. I – F. du Toit A.
**Rugby:** 8.30vm. Over de Voor I vs De Wet I – F. du Toit A. Skuur I vs Verwoerd I – F. du Toit B. Klooster I vs Vishuis I – F. du Toit C. PGD II vs Olienhout, II – F. du Toit D. P.U.-Admin vs U.O.V.S.-Admin – F. du Toit E. Over de Voor III vs Kiepersol II – F. du Toit F. Dawie Dup II vs Reitz II – F. du Toit G. Kompleks III vs Verwoerd III – F. du Toit H. 9.30vm. P.U. III vs Reitz I – F. du Toit A. Kompleks I vs Kiepersol I – F. du Toit B. v.d.B Park vs Reitz II – F. du Toit C. Skuur II vs Malherbe II – F. du Toit D. Over de Voor II vs Verwoerd II – F. du Toit E. PGD III vs Stad III – F. du Toit F. Klooster III vs Vishuis II – F. du Toit G. Skuur IIII vs Malherbe III – F. du Toit H. 10.30vm. Dawie Dup I vs Olien I – F. du Toit A. PGD I vs Malherbe I – F. du Toit B. O/20 B vs Stad I – F. du Toit D. Kompleks II vs Stad II – F. du Toit D. Skuur Skuur III vs De Wet – F. du E. 1.20nm. P.U. O/20 A vs U.O.V.S. O/20 A – Olenpark. 2.25nm. P.U. II vs Irawas – Olenpark. 4.00nm. P.U. I vs Shimlas – Olenpark. 7.00nm. Skemerkelkie – Hotel Elgro. (Eregaste alleenlik). 7.30nm. Vermaak en Ontspanning – P.U.-Kampus. 11.00nm. Trein vertrek van Cachetstasie.



„Kan jy dié 'n bietjie korter sny, asseblief . . . ?"


**U kan gerus u bande versool by . . .**

***GOLDEN WEST RETREADERS***



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!
**Groot Voorraad**

- **NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak**
- **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!